



4 Mei 2020

Geagte Ouers

COVID-19: VEILIGHEIDSMATREËLS OP DIE SKOOLTERREIN

Met die skool wat binnekort stelselmatig heropen, is dit noodsaaklik dat sekere volhoubare matreëls in plek gestel word om te verseker dat ons gemeenskap en leerders veilig bly en ons die skooljaar sonder enige verdere onderbrekings kan voltooi.

Covid-19 Heropening van skole

- 4 Mei: Departementele Personeel (Hoofkantoor en Distrikte)
- 11 Mei: Skoolbestuur, Administratiewe Beampies en Algemene Assistentente
- 18 Mei: Opvoeders
- 1 Junie: Graad 7 en 12 leerders
- Geen definitiewe datums is nog vir die ander grade ontvang nie.

Neem die volgende in ag om die COVID-19-verspreiding effektief te bekamp:

- Bly tuis as jy siek is.
- Nies en hoes in jou elmboog.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Maak oppervlakke gereeld skoon.
- Verminder enige fisiese kontak met ander mense.
- Maskers is verpligtend. Personeel en leerders moet maskers dra soos later in die dokument bespreek word.
- Soos graadgroepe terugkeer, sal die eerste les wees hoe om persoonlike beskermingstoerusting effektief te gebruik.

Daar is verskeie maniere wat ons u kind en die personeel by die skool gaan beveilig:

- Die skool sal sorg dat hande gereeld gewas word met water en seep, of met 'n handontsmettingsmiddel gereinig word.
- Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte.
- Daar sal geen groot byeenkomste by die skool soos saalopeninge, sportbyeenkomste, ensovoorts wees nie. Rooster word sodanig aangepas om maksimale tyd aan akademie te spandeer.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word en fisiese kontak of aanraking (handdruk of drukkies) sal nie toegelaat word nie.
Planne oor hoe die skool die proses gaan hanteer, sal voor die graadgroepe terugkeer aan u gekommunikeer word. Bv. met net een graad terug (Gr. 7) is dit maklik aangesien ons genoeg personeel en

klasse het, maar soos wat ons meer word raak die uitdaging groter. Verwag dus gereeld kommunikasie in die verband.

- Die skool sal gereeld ontsmet word, met klem op hoërisiko-oppervlakke soos traprelings, deurhandvatsels en badkamers.
- Daar sal 'n daaglikse skoonmaakprogram met spesifieke chemikalieë wees en voorgeskrewe prosesse sal gevolg word.
- Daar sal geen druk wees om 100%-teenwoordigheid te handhaaf nie. (Die skoolbeleid gaan aangepas word.)
- Leerders en personeel wat siek voel, **MOET** tuis bly. Hulle moet vir Covid-19 getoets word en ook die skool in kennis stel.
- Stigmatisering sal deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Personeel en leerders sal verplig word om maskers te dra.
- Alle personeel en leerders se temperatuur sal soggens gemonitor word.
- Sanitasie houers word by die hekke geplaas en **MOET** hande gereinig word voor die terrein betree mag word.

Prosedures wat gevolg moet word indien iemand siek is:

- Leerders en personeel wat by die skool siek word of siek by die skool opdaag, sal so gou as moontlik huis toe gestuur word.
- Siek leerders of personeel sal apart van gesonde leerders en personeel gehou word tot tyd en wyl hulle afgehaal kan word.
- Die skool kan egter nie COVID-19-gevalle identifiseer nie en daarom sal regte prosedures gevolg word indien daar Covid-19 simptome is.

Daar moet oop en eerlike kommunikasie tussen die huis/gemeenskap en die skool wees:

- Volgens die wet moet siek personeel en leerders by die Departement van Gesondheid aangemeld word. Mense wat siek word, se kontak met ander individue sal nagevolg word om die virus sover moontlik te bekamp. U samewerking om ons gemeenskap te beskerm is absoluut noodsaaklik.
- Dit is ouers en personeel se verantwoordelikheid om navrae so volledig moontlik te beantwoord.
- Enige nuwe inligting wat die skool ontvang, sal so spoedig moontlik aan ons gemeenskap gekommunikeer word.

Afstandsonderrig:

- Ouers wat voel dis nog onveilig om hulle kind skool toe te stuur, mag voortgaan met die skool se afstandsonderrig program, mits die skool deeglik in kennis gestel word. Geliewe kennis te neem dat skoolgeld steeds gehê sal word. Meer inligting aangaande die opsie sal later aan u gekommunikeer word.
- Alle huiswerk en klaswerk sal steeds op D6 en op die Webtuistes van elke graad beskikbaar wees. Dit is nodig vir grade wat eers in fases terug skool toe kom en leerders wat moontlik siek is en by die huis moet bly.
- Gereelde kommunikasie met die klasvoog en graadhoof is baie belangrik.

Gesondheids- en higiëniese opleiding:

- Spesifieke opleiding sal aan alle personeel, ouers en leerders oor die skool se higiëniese program gegee word.
- Ons hulpdienste is beskikbaar vir emosionele ondersteuning ten opsigte van vrese, angste en onsekerhede.
- Daar sal spesifieke higiëniese opleiding vir die verskillende grade en geslagte wees.

Kontrolelys vir die skool:

- 'n Skoonmaakprogram vir personeel en leerders.
- Gereelde vullisverwydering.
- Die identifisering van hoërisiko-oppervlakke soos telefone, deurhandvatsels, badkamers, deurrame, elektroniese apparatuur (sleutelborde in sentrums) en meubels (tafels en stoele in klaskamers).
- Medici sê goeie ventilasie in klaskamers is belangrik. Ten spyte van die koue winter sal ons sorg dat leerders nie koud kry en siek word nie, maar ons sal ook seker maak dat ons leerders deurentyd vars lug het.
- Plakkate rakende COVID-19 en goeie higiëniese praktyke sal oral sigbaar wees.
- 'n Ondersteuningsnetwerk vir personeel en leerders wat siek is, sal geskep word. Ons verwys na emosionele sowel as akademiese ondersteuning.

Kontrolelys vir die skoolgemeenskap:

- Watter mense is hoë risiko gevalle? Dit word bepaal deur:
 - Waar jy werk.
 - Die hoeveelheid mense met wie jy in kontak kom.
 - Hoe gereeld jy reis.
 - Is daar mense by wie jy bly wat reeds positief getoets is.
- Wat is die simptome?
 - Verkoue- of griepsimptome, soos koors, loopneus en hoes. Braking en diarree is ook aangemeld.

Skoolbywoning:

Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde leerders wel skool toe kom. Ons het reeds baie akademiese tyd met die inperkings tydperk verloor. Leerders moet asseblief nie onnodig wegbly nie. Verwittig asb die Graadhoof indien u kind nie teenwoordig is nie.

Kontrolelys vir leerders:

- Moenie probeer om probleme, vrese of siekte alleen te hanteer nie – vra vrae en meld dit aan. Vertel vir iemand as jy siek is. Moet dit nie 'n geheim hou nie, dit is nie 'n skande nie.
- Beskerm jousef en aanvaar verantwoordelikheid vir jou eie gesondheid.
- Stel 'n voorbeeld vir ander leerders en wees 'n leier.
- Daar mag geen stigmatisering van siek leerders plaasvind nie. Dit sal soos 'boelie' deur die skool hanteer word.
- Sosialisering op sosiale media moet nou inspirerend en bemoedigend wees.
- Dit sal ook een van die rolle van ons skool se sosiale media-plaser en webmeester wees.

Strategie van die skool met die uitbreek van COVID-19 in die skool:

- Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
- Die betrokke partye sal vir 14 dae in selfkwarantyn moet gaan.
- Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
- Maak kontak met die bure of gemeenskap.

- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.
- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.

Skool se ondersteuningsnetwerk:

- Beheerliggaam van Laerskool Elarduspark
- Ons skool se Ouergemeenskap
- Gauteng Departement van Onderwys
- Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000)
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029999)
- Kloof Hospitaal (012 3674000) Pretoria-Oos Netcare Hospitaal (012 4222300)
- Garsfontein Polisiestrasie (012 4704200) Lyttelton Polisiestrasie (012 6448600)

Volg die nodige prosedure met 'n siek persoon in die huis:

- Help die siek persoon om die betrokke dokter se instruksies vir versorging en medisyne te volg.
- Hou die telefoonnommer van die dokter byderhand.
- Vir die meeste mense duur die simptome 'n paar dae en voel hulle na 'n week beter.
- Sorg dat die siek persoon baie vloeistowwe drink en rus.
- Oorweeg dit, indien moontlik, om die benodigde items deur 'n afleweringdiens te laat aflewer.
- Sorg vir die persoon se troeteldier(e) en beperk die kontak tussen die siek persoon en sy of haar troeteldiere, indien moontlik.
- Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens:
 - Skakel die dokter as die persoon steeds sieker word.
 - Vir mediese noodgevalle, skakel 911 en sê dat die siek persoon COVID-19 het of moontlik kan hê.
 - Mense wat noodwaarskuwingstekens vir COVID-19 ontwikkel, moet dadelik 911 skakel.
 - *Noodwaarskuwingstekens sluit in:
 - Probleme met asemhaling: Kort van asem of asemnood.
 - Aanhoudende pyn of druk in die bors.
 - Verwarring of onvermoë om wakker te word.
 - Blouerige lippe of gesig.
 - Kouekoors.
 - Seerkeel.
 - Verlies van smaak- en reukvermoë.
 - Hoofpyn en lyfseer.
 - LET WEL: DIT IS NIE AL DIE NOODSIMPTOME OF TEKENS NIE.
- Beskerm jouself as jy iemand wat siek is, versorg:
 - COVID-19 versprei tussen mense wat in noue kontak kom (binne ongeveer 2 meter) deur druppels wat ontstaan as iemand praat, hoës of nies.
 - Die versorger moet, indien moontlik, nie iemand wees wat 'n hoë risiko is vir 'n ernstige siekte soos COVID-19 nie.
 - Gebruik 'n aparte slaapkamer en badkamer: Laat die siek persoon sy of haar eie "siekkamer" of omgewing weg van ander mense hê,

indien moontlik. Laat die siek persoon, indien moontlik, ook 'n aparte badkamer gebruik.

- Gedeelde ruimte:
As julle die ruimte moet deel, maak seker dat die kamer goeie lugvloei het. Maak die venster oop en skakel 'n waaier aan (indien moontlik) om lugsirkulasie te verhoog. Die verbetering van ventilasie help om asemhalingsdruppels uit die lug te verwyder.
- Vermy besoekers:
Vermy onnodige besoekers, veral besoeke van mense wat 'n groter risiko vir ernstige siektes is.
- Eet in aparte kamers of areas:
Die persoon wat siek is, moet, indien moontlik, in sy kamer eet (of gevoed word).
- Was skottelgoed met handskoene en warm water:
Hanteer alle eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels) wat deur die siek persoon gebruik word, met handskoene. Was dit met seep en warm water, of in 'n skottelgoedwasser.
- Was jou hande deeglik nadat jy die handskoene uitgetrek of gebruikte voorwerpe hanteer het.
- **Moenie deel nie:**
Moenie eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels), handdoeke, beddegoed of elektronika met die siek persoon deel nie.

Volg die nodige prosedure wanneer 'n persoon wat siek was, gesond geword het:

Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.

Wanneer kan leerders terugkom skool toe?

- Leerders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- Na 14 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Die ouers moet die graadhoofde skakel en die negatiewe uitslag aan hulle verskaf.
- Graadhoofde sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

Hantering van besoekers by die skool (sluit ouers in):

Geen besoekers word op die terrein toegelaat nie. Indien u wel die skoolterrein moet betree, moet u eers die administratiewe kantoor kontak vir toestemming. Daarna sal toegangsbeheer (Waldo) in kennis gestel word van u koms. Indien u nie vooraf gereël het nie sal u nie op die terrein toegelaat word nie.

Indien u die nodige toestemming het en die terrein betree, moet u aan dieselfde voorsorgmaatreëls onderwerp word om ons hele gemeenskap te beskerm. Dus sal die volgende prosedure geld:

- Besoekers se temperatuur sal by die hek gemonitor word. Toegangsbeheer sal opgelei word om dit te hanteer.

- Besoekers se hande sal met 'n ontsmettingsmiddel by die hek ontsmet word.
- Besoekers sal verplig word om maskers te dra.

Gesigmaskers:

Die skoolbestuur en beheerliggaam het 'n statutêre verpligting om te verseker dat ons hele skool beveilig is en alle prosedures deurdag en verantwoordelik bestuur word. Die dra van maskers in die openbaar is vanaf 1 Mei 2020 verpligtend. Met die oog daarop het ons 'n komitee op die been gebring bestaande uit mediese kundigheid, wat die skool van raad sal bedien. Die Departement van Handel, Nywerheid het Vrydag, 24 April 2020 die nuutste riglyne oor gesigmaskers bekend gestel. Klik op onderstaande skakel om die webtuiste te besoek:

http://www.treasury.gov.za/comm_media/press/2020/Annexure%20B%20-%20Recommended%20Guidelines%20Fabric%20Face%20Masks%20RSA%20DTIC.pdf

Ons het vir u gerief bostaande riglyne opgesom

1. Mens moet gemaklik kan asemhaal. Indien die draer nie gemaklik kan asemhaal nie, kan dit lei tot suurstof tekort. Dit sal ook veroorsaak dat die draer gedurig onnodig aan die masker vat.
2. Die masker moet gemaklik, maar behoorlik pas. Die masker moet sover moontlik die kontoere van die neusbrug en die ken volg om lekkasies te voorkom. Sommige maskers het 'n metaal neusklem wat die masker beter oor die neus area laat sit of die patroon is van so aard dat dit die kontoere van die neusbrug volg (voorgenoemde is ideaal vir persone wat bril dra).
- 3 Die masker moet ten minste tot in die helfte van die neusbrug kom, en tot onder die ken.
4. Maskers moet maklik skoongemaak en gedisinfekteer kan word.
5. Alle komponente moet duursaam wees en hul integriteit behou vir die volle lewensverwagting van die masker.
6. Alle maskers moet met riglyne tov die dra, was, beperkinge, asook wanneer komponente of die masker vervang moet word.

7. Materiaal:

- 7.1 Maskers moet ten minste 2 lae materiaal hê, maar 3 lae word aanbeveel.
 - Indien net 2 lae gebruik word, word 'n 3e filter laag aanbeveel (dit moet ten minste DAAGLIKS vervang moet word.)
 - Indien van 'n filter gebruik gemaak word, moet dit deur 'n opening van ten minste 120mm x 100mm vervang kan word.
 - Indien net 2 lae gebruik word sonder 'n filter, moet die 2 lae saam 'n minimum van 75% ondeurlaatbaarheid vir 5 microns hê.
- 7.2 Indien die masker van 3 lae gemaak is, moet die middelste laag van 'n nie-geweefde materiaal met 'n hoë filterings kapasiteit gemaak word. Die laag is egter nie so duursaam nie en hou nie so lank soos die buitenste 2 lae nie. Dus kan die masker net tussen 40 – 50 keer gewas word voor dit vervang moet word.

7.3 Die buitenste en binneste laag moet verkieslik van verskillende kleur gemaak word om die verskil tussen die binnekant en buitekant te identifiseer, of die patroon van die masker moet duidelik aandui wat die verskil tussen die binnekant en buitekant van die masker is. Die materiaal kan egter dieselfde wees.

8. Die verskillende lae:

8.1 Die binneste laag:

- Die materiaal moet nie die vel irriteer nie.
- Daar moet nie vog aan die binnekant opbou nie.
- Vermy waterwerende materiaal wat die absorpsie van druppels beperk, dus dit moet nie maklik nat word a.g.v. asemhaling en praat nie.
- Dit moet lug maklik deurlaat.
- Sintetiese materiaal word aanbeveel omdat dit maklik droog word.
- As katoen, polikatoen of viskose gebruik word moet die snit so wees dat die materiaal nie maklik nat word en teen die vel vasplak nie.

8.2 Middelste laag (filter):

- Funksie is om 5 mikron partikels en groter te stop
- Moet ten minste 75% versperrings kapasiteit hê.
- Moet nie asemhaling inperk nie.
- Filter moet nie meer as 25% lugvloei blok nie.

8.3 Buitenste laag

- Moet van geweefde materiaal wees, beste is 100% katoen.
- Moet nie vloeistof deurlaat nie.
- Moet hidrofobies en water weerstandig wees.
- Moet nie asemhaling inperk nie.
- Moet ferm wees sodat masker nie kollabeer nie.

9. Die materiaal moet nie toksies wees nie.

10. Materiaal moet warm water en stryk kan deurstaan.

Praktiese riglyne:

1. Laat die kinders by die huis begin om so 30 min per dag met 'n masker rond te loop. Vermeerder elke dag die tydsduur.
2. Daar moet nie aan die masker geraak word nie.
3. 'n Masker wat om die nek, onder die ken, of op die voorkop "gebêre" word, maak die masker oneffektief.
4. Hande moet gewas word voor die masker aangesit word en nadat die masker afgehaal is.
5. Die kinders moet geleer word hoe om die masker korrek aan te sit en af te haal. (Dit moet bv. tot by die huis aangehou word, direk in die wasmasjien of wasbak gegooi word sonder dat iemand anders daaraan raak. Dit moet dus nie in die motor afgehaal word as die kinders opgelaai word nie.)

6. Die maskers moet elke dag gewas en gestryk word.
7. Maskers moet nie deur familieledede gedeel word nie, dus elkeen moet sy/haar eie masker hê.
8. Maskers hoef net geruil te word indien dit nat is (onnodig om elke 4 ure te ruil).
9. Gee vir elke leerder 'n houertjie bv. leë kosblik, om die masker in te bêre as hy/sy pouse eet. As water gedrink word kan die masker aan die toutjies afgehaal word (sonder om aan die masker te vat). Hande moet gewas word met seep elke keer as daar met die masker gewerk was.
10. Kinders wat bril dra - kyk of masker 'n draadjie by die neusbrug het of probeer 'n draadjie daar in sit, dan kan dit oor die neus vasgeknypt word en verminder dit dat die bril toe wasem.
11. Indien die kinders se ore seer word, of hulle sensitief is, kan mens oorbeskermers kry waaraan dit kan haak (dit maak dit net moeilik om aan en af te haal en moet daar soms aan die masker self gevat word), of koop maskers wat agter die kop met toutjies vasmaak ('n bobbeltjie soos wat mens op sekere sportskoene kry wat veters langer of korter maak werk goed), of kopband/ pet met knope aan waaraan die rekkies wat oor die ore gaan, kan haak i.p.v. ore.
12. Wees 'n voorbeeld vir die kinders deur self jou eie masker korrek te hanteer.

Dis egter belangrik om te weet dat maskers uitgawes gaan wees wat baie ouers nie sal kan bekostig nie. **Dis is dit uiters noodsaaklik om u kind se voog onderwyser daarvan in kennis te stel sodat die skool u kind van 'n masker kan voorsien.**

Persoonlike sanitasie/higiëne:

Daar sal van elke leerder verwag word om sy eie bottel handontsmettingsmiddel te hê vir eie gebruik aan die begin van elke nuwe periode.

Bestuur van pouses:

Spesifieke areas sal aan spesifieke graadgroepe geallokeer word om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke graadgroep is om die aanvaarbare sosiale afstand te handhaaf.

McLardies (Snoepie):

McLardies sal oop wees tydens pouses. In plaas van bondel op die stoep voor die snoepie, sal leerders in 'n lang ry langs die gebou staan, minstens een meter van mekaar af, en wag vir 'n beurt om iets te koop. Let asb daarop dat ons steeds voortgaan met die verkope op die McLardie bandjie soos in die verlede. Kontant aankope kan slegs na skool gedoen word.

Hoërisikoleerders:

Hoërisikoleerders word aan die volgende kriteria gekenmerk:

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes.
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma.
- Hoë bloeddruk.
- Hartsiektes.
- Kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande.

Dit is belangrik dat sulke leerders nie in kontak kom met groepe ander leerders nie. Indien u kind aan bogenoemde kriteria voldoen, kontak asseblief u kind se graadhoof sodat ons alternatiewe reëlings kan tref om u kind steeds van kwaliteitonderrig te voorsien.

Daaglikse ontvangs by die skoolhek:

Die skoolhek kan in die oggend 'n plek wees waar leerders saamdrom om die skoolterrein te betree. Die skool tref die volgende reëlings om te verseker dat leerders nie saamdrom nie:

- Daar sal lyne 1.5 meter uitmekaar buite die skool getrek word waar die leerders in 'n ry moet aanmeld en hulle afstand tussen mekaar moet handhaaf.
- By die hek sal daar personeel wees wat die leerders ondervra en hulle temperatuur monitor, voor hulle die terrein met hul gestandaardiseerde maskers aan, mag betree.
- Vra asseblief u kind om rustig en op 'n ordelike manier geduldig te wag om by die terrein in te kom.
- Leerders wat die skool voor 07:00 betree mag slegs van Hek 2 gebruik maak.
- Vanaf 07:00 – 07:30 sal Hek 1 en 3 ook oop wees vir toegang.

COVID-19-kommunikasie by die skool:

Die belangrikste manier om ons gemeenskap teen die virus te beveilig, is om te verseker dat goeie higiëniese gewoontes gevestig word. Dit sal net gebeur as ons skoolgemeenskap permanent die goeie gewoontes sien. Plakkate sal in die klaskamers en in die gange van die skool aangebring word om ons skoolgemeenskap deurentyd daaraan te herinner. Plakkate sal onderwerpe hanteer soos:

- So was 'n mens jou hande deeglik.
- Oppervlakke wat vermy moet word.
- Fisiese kontak word belet.
- Handhaaf 'n veilige sosiale afstand.
- Was gereeld jou hande.
- Goeie higiëniese praktyke.
- Hoes en nies in jou elmboog.

Covid- 19-Naskooltoesig:

- Leerders wat ingeskryf is by die naskool sal weer geakkommodeer word vir middag toesig, wanneer die spesifieke graad begin skoolgaan.
- Indien u nie meer van die naskool fasiliteite gaan gebruik maak nie moet u asb 'n epos stuur aan Me Sougnet Barkhuizen (naskool@ladies.co.za)

Reis:

Onthou om dit, sover moontlik, te vermy om te reis. Indien u nie 'n keuse het nie, tref asseblief al die nodige veiligheids- en voorsorgmaatreëls.

Skoolfonds:

Ouers wie deur die grendeltydperk geraak is en nie hulle skoolverpligtinge kan nakom nie, moet 'n e-pos stuur aan finansies@lardies.co.za. Die finansiële komitee sal die saak hanteer en terug kommunikeer.

Busdiens:

Ouers wat nog van die oggend busdiens wil gebruik maak moet ook 'n e-pos rig aan finansies@lardies.co.za en so aandui. Bostaande reëls geld ook hier.

Elkeen van ons personeel, ouers en leerders het die verantwoordelikheid om ons gemeenskap te beskerm. U beskerm nie net u kind met u keuses nie, maar u beskerm ook elke ander persoon wat deel van die skoolgemeenskap is.

Baie dankie vir u sorgsame samewerking en lojaliteit aan die skoolgemeenskap.

Vriendelike groete



**MNR T HUMAN
SKOOLHOOF**

**MNR G VD MERWE/ ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOFDE**